Laerskool Queenswood

Omsendbrief 4

9 Februarie 2011

Geagte Ouers en Voogde

VISBRAAI - 2011:

U word almal hartlik uitgenooi na ons jaarlikse saamkuier-geleentheid op 25 Februarie 2011 om 18:00 in die klubhuis. Hierdie pragtige tradisie is reeds in sy 21ste jaar en ons wil graag hierop voortbou met u as ons gaste. Die skool voorsien die snoek en patats en u bring u eie bykosse, drinkgoed en stoele. U en u gesin se teenwoordigheid sal baie waardeer word. U het nog tyd tot 18 Februarie 2011 om die skeurstrokie, wat u verlede week ontvang het, te voltooi en aan u kind se voogonderwyser terug te stuur.

SUBSIDIE AANSOEKE:

Ons wil graag onder u aandag bring dat alle ouers wat verlede jaar vir subsidie gekwalifiseer het, asseblief weer vir hierdie jaar moet aansoek doen. Volgens departementele reëls is dit verpligtend om elke jaar aansoek te doen. Indien u nog nie 'n subsidie aansoek kom afhaal het nie, versoek ons u om dit dringend te doen en so spoedig moontlik by die finansiële kantoor in te handig .

BOBBY VAN JAARSFELD:

Op 15 April 2011 tree Bobby van Jaarsfeld by die skool op. Merk solank hierdie datum op u kalender. Die kaartjies sal vanaf volgende week by die skool beskikbaar wees. Die kaartjies kos R50.00 vir kinders vanaf 5 jaar tot 11 jaar en R80.00 vir 12 jaar en ouer.

PAPIERHERWINNING:

Baie dankie aan almal wat reeds begin papier bymekaar maak het. Hou asseblief aan om op Woensdae en Donderdae oggende al u oortollige papiere en koerante by die fietsloods af te laai. Sit asseblief die witpapier, gekleurde papier en koerante in verskillende sakke.

PAPIER:

Baie dankie aan al die gesinne wat 'n riem A4-papier aan die skool geskenk het. Dit help geweldig baie en word opreg waardeer.

ATLETIEK:

Baie geluk aan die atlete wat Maandag aan die Clusterbyeenkoms deelgeneem het. Ons skool het uit 'n totaal van tien skole wat deelgeneem het vierde geëindig! Loer gerus op die webtuiste om te sien watter leerders neem almal aan die distriksbyeenkoms deel. Sterkte aan julle!

RUGBY:

Die rugbyoefeninge begin eerskomende Donderdag en sal dan elke Dinsdag en Donderdag plaasvind. Hiermee die tye wanneer die verskillende spanne oefen.:

	0/9	13:30 -14:30
	0/10	16:30 - 17:30
	0/11	13:30 - 15:30
	0/13B	15:00 - 16:00
	0/13A	16:00 - 18:00
Die 0/13A spelers oefen ook op Maandae en Woensdae vanaf		16:30 - 17:30



NETBAL:

0/6 en 0/7	juffrou Debbie Liebenberg	13:30 - 14:30	Oefeninge vind op Dinsdae en
0/8	juffrou Angelique Freeman	13:30 - 14:30	Donderdae plaas.
0/9	juffrou Weber	13:30 - 14:30	
0/10	juffrou Deidri Vorster	13:30 - 15:00	
0/11	juffrou Tilana Grobler	13:30 - 15:00	
0/12	juffrou Magda Fitchet	13:30 - 15:00	
0/13	juffrou Louis Vermaak	13:30 - 15:00	

Punte van belang:

Visbraai

Subsidie aansoeke

Bobby van Jaarsfeld

Papierherwinning

Papier

Atletiek

Rugby

Netbal

SKAAK:

Alle leerders wat aan die rondomtalie daagwedstyde wil deelneem, dit is vir bordbepalings vir deelname aan skaakligawedstryde, moet hulle asseblief Maandag, 21 Februarie 2011, by mev. Meijers, klaskamet 29, aanmeld.

Skaakoefeninge: Maandae 13:30 - 14:30

Woensdae 13:30 - 14:30

MY SCHOOL-KAART:

Gebruik asseblief u kaart so gereeld as wat u kan.

VALENTYNSOKKIE:

Op Vrydag, 11 Februarie 2011, hou ons sokkie vanaf 19:00 tot 21:00. Ongelukkig is die sokkie slegs vir senior leerders vanaf graad 4 - 7. Kaartjies is teen R30.00 'n kaartjie, wat 'n wors-broodjie en 'n koeldrank insluit, by juffrou Ludick te koop.

FOTODAG:

Die jaarlikse individuele en klasfoto's vind op 15 Februarie 2011 plaas. Leerders moet asse-blief netjies in korrekte somersdrag geklee wees.

BEHUISING:

Die skool se snoepiedame, Jané (Nani), is opsoek na 'n bekostigbare tuinwoonstel. Indien u van so-iets weet, skakel haar gerus by 073 306 5583. U hulp in hierdie verband sal hoog op prys gestel word.

LIEFIE-DIEFIE-DAG:

Eerskomende Donderdag verkoop die Klein Q's kolwyntjies. Hulle kos tussen R3.00 en R5.00 elk. Dit is deel van hulle Liefie-diefie-dag fondsinsamelingsprojek.

VALENTYNSDAG:

Leerders mag Maandag, 14 Februarie 2011, gewone netjiese klere aantrek. Dit kos R5.00 vir hierdie voorreg.

PUXLEYSTRAAT INGANG:

Ons versoek u vriendelik om asseblief versigtig en stadig te ry, wanneer u met u motor by Puxleystraat in ry om u kind op– of af te laai. Moet asseblief ook nie aan die regterkant van die ingang in ry nie, hou asseblief links.

Vriendelike groete

R. LUDICK

PRINSIPAAL

Punte van belang:

Skaak

My School-kaart

Valentynsokkie

Fotodag

Behuising

Liefie-diefie-dag

Valentynsdag

Puxleystraat ingang